# LAERSKOOL TUINE: GEDRAGSKODE VAN LEERDERS

…………………………………………………….. onderneem:

| 1. Respek te betoon aan: | 2. In my optrede: |
| --- | --- |
| My Skepper<br>- deur my godsdienstige waardes, in alles wat ek doen en sê, uit te leef.<br><br>Myself:<br>Deur trots te wees op my:<br>- voorkoms<br>- kleredrag<br>- gesindheid<br>- integriteit<br>- taal<br><br>My Medemens:<br>Opvoeders:<br>- deur my heelhartige samewerking te gee en lojaal te wees<br>- deur altyd hoflik op te tree<br>- deur gehoorsaam te wees<br>Ouers en besoekers:<br>- deur met agting en respek op te tree<br>- deur hoflik, vriendelik en behulpsaam te wees<br>Leerlingraad:<br>- deur gehoorsaam te wees<br>- deur hulle te respekteer en te ondersteun<br>Maats:<br>- deur aan ander te doen soos ek aan myself gedoen wil hê<br>- deur vriendelik, beleefd en goedgemanierd teenoor my mede-Groenies te wees<br>- deur te luister na my maats se standpunte en dit te respek-teer<br>- deur ander se eiendom te respekteer<br>- deur teen niemand te diskrimineer nie<br><br>Die omgewing:<br>- deur die skoolgeboue, klaskamerinhoude, kleedkamers en al die ander fisiese geriewe van die skool te waardeer<br>- deur dit netjies en skoon te hou<br><br>……………………………………………………<br>Handtekening Ouer | * Lojaal te wees aan:<br>- my skool<br>- my opvoeders<br>- my maats<br><br>* Gesag te aanvaar<br>- van enige meerdere – my ouers, opvoeders en leiers<br><br>* Pligsgetrou te wees<br>- deur gereeld skool by te woon<br>- deur gereeld tuiswerk te doen<br>- deur altyd betyds te wees<br><br>* Eerlik te wees<br>- teenoor myself, opvoeders, ouers en maats<br><br>* Goeie gedrag tydens buitemuurse aktiwiteite te openbaar<br>- deur die toepaslike kleredrag te dra<br>- deur netjies en versorgd voor te kom<br>- deur die beeld van die skool positief uit te dra<br>- deur 'n lojale deelnemer en ondersteuner te wees<br>- deur my opponente te respekteer en hoflik teenoor hulle op te tree<br><br>……………………………………………<br>Handtekening Leerder |